## RESENSIE

ONDERSKEIDING VAN DIE GEESTE. HEDENDAAGSE PINKSTERSTROMINGE IN SUID-AFRIKA. 1986. Versamelwerk (Skrywers sluit in J. H. van Wyk, P. W. Buys, P. J. Coetzee en J. J. van der Walt) Potchefstroom: Instituut vir Reformatoriese Studie. Prys R8.00. 147 pp.

Dit gebeur baie selde dat 'n resensent die boek wat hy bespreek glad nie kan aanbeveel nie. Hierdie resensie behoort tot daardie hoogs uitsonderlike groep.

Die onderhawige bundel bevat dertien opstelle deur 'n verskeidenheid outeurs - hoofsaaklik leraars en teologiese professore van die Gereformeerde kerk met enkele Hervormde en NG bydraes daarby. Die aanleiding tot die skryf van die bundel is ernstige kommer oor die groeiende gewildheid van Pinkster- en charismatiese bewegings in die Afrikaanse gemeenskap. Die doel is om dwalinge wat by hierdie groepe voorkom (p.i) aan 'n kritiese analise te onderwerp. My besware geld die manier waarop dit gedoen word.

Tereg noem die direkteur van die Instituut vir Reformatoriese Studie, prof. B. J. van der Walt, in 'n woord vooraf dat moddergooiery en kwistige swartsmeer van Christene onderling nie van pas is nie (p.i). 'n Ander skrywer waarsku teen die gevaar om "'n senuagtige afweerkampanje teen die Pentekostalistiese strominge (te) voer" (p. 126). Om u in staat te stel om enigsins te oordeel of daar in hierdie genoemde doelwitte geslaag word, word die hooflyn in die redenasie van die bundel nou bespreek. Dat daar so 'n lyn bestaan spreek vir die integraliteit van die bundel.

Eerder as om klem te lê op 'n ontleding van die teologiese geskrifte van en oor die Pinksterbeweging en die groot aantal moderne analises van



Koers 51(3) 1986
ISSN 0023-270X

die charismatiese beweging[1], aanvaar die artikelskrywers dat die Pentekostalisme in wese niks nuuts opgelewer het nie. Hierdie strominge is die hedendaagse verteenwoordigers van die radikale anabaptistiese geesdrywers van die sestiende eeu. Prof. J.J. van der Walt beweer byvoorbeeld:

> "Nagenoeg al die strydpunte met die Pentekostalisme kom in die Kategismus (Heidelberger - HIL) ter sprake as gevolg van die sestiende-eeuse stryd teen die Anabaptisme" (p. 138).

Gevolglik is dit dan maklik om net die bekende gereformeerde argumente teen die anabaptiste te gebruik. Die Pentekostalisme word verwyt van "'n totale losmaak van Gees en Woord". Die Bybel word gesien as "dooie letters" en "die eie ervaring en die ontvangs van gesigte en openbaringe (beskou as) normatiewer as die Bybel" (p. 49).

In dieselfde lyn word die Pentekostalisme regstreeks in verband gebring met tradisionele "ketters" soos Montanus, Thomas Münzer, John Wesley ("die Arminiaan") en selfs "die suiwer heidense misteriegodsdienste" (p. 17). Die tegniek van skuld deur assosiasie word vrylik aangewend sonder

---

[1] Oor die Pinksterbeweging, vgl. bv. die geskrifte van R.M. Anderson, N. Bloch-Hoell, P. Damboriena, G.D. Fee, D. Gee, L.D. Hart, H.D. Hunter, J.J. McNamee, J.T. Nichol, R.P. Spittler, en oor die charismatiese beweging skrywers soos W. Becker, B. Bradford, D. Bridge, S. Clark, J.D.G. Dunn, T. Engelsviken, H. Ervin, J.M. Ford, D. Gelpi, M. Green, D. Griffioen, S. Grossmann, J. Gunstone, M. Harper, C. Hummel, J. Jones, T. Jungkuntz, M. Kelsey, R. Laurentin, C. Lindberg, G. Mallone, K. McDonnell, D. Phypers, B. Pursey, K. Ranaghan, L. Schmieder, T. A. Smail, E. Stephanou, L.J. Suenens, F.A. Sullivan, S. Tugwell, R. Tuttle, D. Watson. Heelwat van hierdie skrywers opper skerp kritiek teen die genoemde bewegings, maar gee 'n meer geloofwaardige en herkenbare voorstelling van hulle. Ek kon nie een van bogenoemde toonaangewende skrywers op hierdie gebiede in *Onderskeiding van die Geeste* se bronnelys vind nie.

om ooit 'n interne verband tussen hierdie ketterse beskouinge en die Pentekostalisme aan te dui.

Die sluitstuk in die redenasie volg dan dat die Pinkster- en charismatiese bewegings nie die historiese kerklike belydenisskrifte aanvaar nie. Prof. Floor beweer dat die konfessies geen genade vind in hulle oë nie (p. 78), terwyl P. P. Kruger soos volg gesiteer word:

> "Sterker nog as by die Klassieke Pentekostalisme distansieer die Neopentekostalisme hom immers van die historiese Belydenisskrifte en geformuleerde waarheidsinhoud wat die kerk deur die eeue uit die Skrif opgediep het" (p. 72).

Deur middel van bostaande gedagtegang word sowel die Pinkster- as charismatiese bewegings dan deur die bundelskrywers as teologies onaanvaarbaar afgewys.

Daar kan verder op die volgende foute en onakkuraathede in die bundel gewys word:

1. Die eensydige koppeling van die Pentekostalisme aan die Wesleyaanse Heiligheidsbeweging word deur moderne studies afgewys, vgl. bv. R.M. Anderson en F.A. Sullivan. Slegs 'n deel van die moderne Pentekostalisme stam uit hierdie oord. Die meerderheid Pinksterkerke onderskryf nie heiligmaking as 'n bepaalde gebeurtenis nie, vgl. W.H. Durham se "Finished work of Christ" veldtog teen die Wesleyaanse interpretasie.

2. Die teologiese identifikasie van Pinkster- en charismatiese bewegings dui aan dat die blootstelling aan wetenskaplike literatuur hieroor baie oppervlakkig was. Die charismatiese beweging het hom vandag (wat die oorgrote meerderheid aanhangers betref) losgemaak van die Pinkster teologiese raamwerk van 'n "tweede fase" Geesdoop met tale as "bewys". Ook fungeer daar 'n ander ekklesiologie, liturgie, hermeneutiek, ens.

3. Ten onregte word beweer dat ons in die negentiende eeu te doen kry met die opbloei van die Pentekostalisme (p.1, 3 en 4). Dit is

wetenskaplik onjuis om enige verskynsel as "Pentekostalisties" te beskryf sonder die koppeling van die Geesdoop en glossolalie, en dit gebeur eers tydens die herlewings van 1901 en 1906.

4. Die diepgaande verskil tussen die Wesleyaanse en Keswick Heiligheidsbeweging word nie ingesien nie (p. 21).

5. Daar is geen oog vir die nuanseringe binne die charismatiese beweging nie. Die meeste charismatici het gekies om binne hulle bepaalde denominasionele verbande te bly. Dit is juis die kenmerkende verskil by die begin van die charismatiese beweging (vgl. D.J. Bennett, wat Anglikaan bly). Die onafhanklike en nie-denominasionele deel van die charismatiese beweging vorm 'n minderheid en mag nie met die beweging as sodanig verwar word nie. Ook binne die onafhanklike charismatici is daar diepgaande teologiese verskille, bv. tussen die Brits-georiënteerde Restorasie-beweging en die Amerikaans-georiënteerde Geloofsbeweging (o.m. Rhema-Bybelkerk).

Die sitaat van P.P. Kruger wat hierbo gegee is, is 'n sprekende voorbeeld van wanbegrip met betrekking tot die verskil tussen Pinkster en charismaties en onbegrip van die verskille binne die charismatiese beweging. Die "charismatiese" lidmate is net so sterk gebonde aan hulle onderskeie denominasionele konfessies en tradisies as die "nie-charismatiese" lidmate.

Terwyl dr. C. F. C. Coetzee beweer dat "'n bepaalde opvatting oor die doop met die Heilige Gees feitlik sonder enige uitsondering by elkeen van hierdie groepe (Pinkster en charismaties - HIL) voorkom" (p. 65), klop dit nie met die praktyk binne die charismatiese beweging nie en kan daar na 'n half-dosyn resente doktorale proefskrifte verwys word wat die ingrypende verskille ten opsigte van die Geesdoopinterpretasies behandel[2].

---

[2] Engelsviken, T. 1981. The Gift of the Spirit. Dubuque: Aquinas Institute.

Dit is boonop waar dat daar 'n groeiende tendens is by charismatici om juis hulle denominasioneel-tipiese te bevorder. Vergelyk bv. Maria se rol by Katolieke charismatici, 'Aldersgate'-konferensies by Metodiste charismatici, Ted Jungkuntz se Luthers-konfessionele charismatiese geskrifte, ens.

6. Daar word foutiewelik beweer dat alle Pentekostaliste sonder uitsondering die kinderdoop verwerp (p.84). Die wêreldwye Pinksterbeweging sluit beslis kerke in - onder meer in Chili en Duitsland - wat die kinderdoop handhaaf en die oorgrote meerderheid charismatici, wat aan die Katolieke, Lutherse, Metodiste, Ortodokse, Anglikaanse, Presbiteriaanse en Gereformeerde Kerke behoort, beoefen en aanvaar die kinderdoop. Dit is die charismatici van 'n nie-denominasionele en Baptiste agtergrond wat dit nie aanvaar nie.

7. Alhoewel die verwyt dat die Gees by die Pinksterbeweging en die charismate op die voorgrond staan en Jesus op die agtergrond gedwing is (p. 119) moontlik aanvaarbaar mag klink omdat die gawes van die Gees beklemtoon word, beweer kenners soos Kilian McDonnell en Tom Smail dat daar eerder van 'n Jesus-beweging as van 'n Geesbeweging sprake is.

Nog enkele punte van kritiek deur die artikelskrywers teen die Pinkster- en charismatiese bewegings doen vreemd aan wanneer mens die oord van waar die besware kom in gedagte hou.

7.1 Die Pentekostalisme lei tot herhaalde kerkskeurings (p. 50).

Hart, L.D. 1978. A critique of American Pentecostal Theology. Louisville: Southern Baptist Seminary.
Hunter, H.D. 1983. Spirit-baptism. Lanham: University Press of America.
Lindberg, C. 1983. The Third Reformation? Macon: Mercer.
Moonie, P.M. 1974. The significance of neo-Pentecostalism. Boston University.
Schmieder, L. 1982. Geisttaufe. Paderborn: Schöningh.

7.2 Van die Hervormde hoogleraar, prof Koekemoer,: ' ... die kerk is daarom nooit die resultaat van die samekoms van 'n klompie mense wat oor bepaalde sake saamstem nie, nee, dis die resultaat van 'n skepping deur die Woord én Gees, deur God self' (p. 62).

7.3 Ph. Snyman neem die Pentekostaliste dit kwalik dat hulle nie wetenskap 'In U lig' beoefen nie en afsydig staan teenoor politieke vraagstukke. Hy siteer in dié verband vir Jones: "congregations tend not to be actively involved in the struggle for racial justice" (p. 125). (Dit is terloops interessant om daarop te let dat juis die Pinksterbeweging in 1964 in Swede die stigting van hulle enigste Christelike politieke party geloods het.)

Ongelukkig is die boek ook nie tipografies goed versorg nie. Die bibliografie bevat talle foute (onder meer Duttlinger vir Bittlinger, die spelling van O'Connor, Christenson, J. H. vir H. Bavinck) en sekere outeurs makeer (bv. Jansen, p. 90 en 144). Ander steurende foute is 1970 vir 1870 (p. 41), die beskrywing van Los Angeles en San Francisco as buurstede (p. 23), en die Brit, David Barrett, as 'n Amerikaner (p. 25); asook die verouderde statistiek op p. 25 terwyl die nuwere gegewens beskikbaar is in 'n boek waarna in dieselfde paragraaf verwys word.

Ten slotte is die grondprobleem myns insiens dat die skrywers baie min moeite gedoen het om die bewegings waaroor hulle skrywe van binne af te probeer verstaan óf deur hul eie geskrifte te bestudeer óf deur deelnemende observasie wat besonder geskik is as navorsingsmetode op hierdie terrein. Indien enkele artikelskrywers net 'n paar dienste by, byvoorbeeld, die AGS sou gaan bywoon het, sou baie misverstande oor die plek van Jesus, die rol van die Bybel en wat profesie en uitleg van tale, behels, opgeklaar kon gewees het. In ons ekumeniese eeu kan daar net nie langer bekostig word dat teoloë op hoorsê oor hulle opponente oordeel nie. Die Instituut vir Reformatoriese Studie het homself met hierdie publikasie geen guns bewys nie en die aanhangers van die Pinkster- en charismatiese bewegings (waarteen daar wel sekere legitieme

teologiese besware in te bring is) sal hulleself hoegenaamd nie herken in die karikature wat hier van hulle geteken is nie.

Henry Lederle
UNISA